
# Telrympies



## Vyf klein duifies

(Hou jou hand met al vyf vingers oop. Neem elke keer 'n vinger weg soos die duifies een vir een wegvlieg)

Vyf klein duifies sit in 'n ry Die een sê: Koer koer, ek moet gaan, Weg vlieg hy. Vier klein duifies sit in 'n ry Die een sê: koer koer, ek moet gaan, Weg vlieg hy. Drie klein ...

## Kom ons tel in 2's

Twee, vier, ses, ag
Mien sit by die hek en wag,
Eet rooi kersies ryp en sag,
Twee, vier, ses, ag.

## Tel tot TIEN


EEN, TWEE,
swem in die see,
DRIE, VIER,
bang vir 'n mier,
VYF, SES,
gaan leer jou les,
SEWE, AG,
dis n nuwe dag,
NEGE, TIEN
ek kan jou sien!

## Op my een hand

Ek het twee hande
Vyf vingers van my een hand plus nog een van die res
Tel dit bymekaar dan kry ek ses!

## Meneer olifant

Het jy geweet
Ek't een slurp om mee te eet?
Twee ogies wat sien en kyk
Oral hoe die wêreld lyk
Drie van ons op 'n ry
Stap ons by die dam verby
Vier bene wat staan
Of vorentoe kan gaan
Vyf voëls op my rug
Netnou sal hul vlug
Kom ons tel!



## Tien klein paddatjies

deur W. D. Bosman:

Tien klein paddatjies kom sit in 'n kring,
bring julle boekies en laat ons sing.
Maak julle bekkies wawyd oop
en sing vir my so soet soos stroop.
Kwak-kwak-kwak,
Kwek-kwek-kwek,
Tien klein paddatjies maak my gek!

